

**15 Junie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:25 – 6:10**  
**Fokusgedeelte: Galasiërs 6:14-16**

### **Slaag ek die toets?**

Hoe gereeld doen ek goed aan alle mense (6:10)? Hoe baie kom ek my medegelowiges tot hulp (6:10)? In watter mate ondersteun ek hom wat die evangelie van Jesus Christus bring (6:6)? Wanneer laas het ek 'n medegelowige ondersteun in sy/haar stryd met die sonde (6:1-2)?

So kan ons die konkrete vrae opeenstapel. Maar uiteindelik is die vraag: *Slaag ek die toets?*

Met die eendoordeel gaan ek immers deur die Here Jesus getoets word (6:5) ... ten diepste ten opsigte van my verhouding met Hom (Joh. 3:16, 36), maar ook oor elke woord, gedagte en optrede van my (Openb. 20:12; 2 Kor. 5:10). Ja, die Here gaan my optrede beoordeel ... nie om te bepaal of ek vrygespreek moet word nie (ek is immers reeds in Christus vrygespreek!), maar wel om te bepaal watter werke my gaan volg, hoe mooi ek my vir my Bruidegom, vir Christus, sal kan versier (Openb. 14:13, 19:7-8)!

Daarom het ek die verantwoordelikheid om alles wat ek doen en dink, elke gesindheid waarmee ek leef – juis in die praktyk van my lewe – te toets (6:4). En ek toets nie deur myself met ander te vergelyk nie (6:3). Néé, ek toets myself ... deur te kyk of ek met Christus se gesindheid leef (Fil. 2:4-5), of ek soos my Vader barmhartig is (Luk. 6:36), of die Gees my gedrag bepaal (Gal. 5:25).

So sorg ek ook dat ek dié plek in die gemeente inneem wat die Heilige Gees my gegee het. So sorg ek dat ek die gawes wat ek gekry het, tot voordeel van my broer en suster uitleef. So voorkom ek dat ek hoogmoedig op my medegelowige neerkyk. So gaan ek op die bestemde tyd die oes insamel!

Ek laat my deur die Gees lei (... dit is mos so?!). Laat ek daarom seker maak ek saai op die akker van die Gees. Laat ek sorg dat die Gees my gedrag bepaal. So kan ek aan almal goed doen ... en Christus uitstraal!

*Sing: Psalm 146:5-6*

*Ds. PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)*